

NG Murray Gemeente Aanlyn Erediens

Sondag 26 Julie 2020

Goeie môre gemeente!

Soos Louis nou in die week gesê het, ons is nou besig om 'n nuwe, onsigbare bedreiging te sien wat al hoe nader kom, en hoe meer van ons vriende en familie siek raak, hoe meer staar ons hierdie ding in die gesig, en mens kan dit nie meer ignoreer nie. Dis natuurlik nou die COVID waarvan ons praat, en ek het self iets daarvan beleef met die dat ek nou in self-isolasie was nadat ek in kontak was met iemand wat positief was, en dit het my laat besef dat mens regtig nogal menslike kontak mis in die tyd! As mens nie eers by die winkel kan uitkom nie, dan word mens bewus van baie goed wat mens eintlik mis.

Ek was self baie bevoorreg dat daar genoeg mense was wat my kon help met kruideniersware, en nog wat sekerlik bereid sou wees as ek sou bel, maar ek het nog steeds beleef dat mens mense mis. En ek weet eks nie alleen nie, daar is baie van ons wat mense om ons mis, wat verlang na iemand.

So ek wil vra dat ons vandag begin en sommer bietjie deel met mekaar: Wie is daar wat jy mis? Dit hoef nie eers noodwendig iets met COVID te doen te hê nie, dalk is daar ander redes, maar wie mis jy? Deel gerus met jou gesin of jou groep saam met wie jy luister, en dan saam met dit kan julle ook vir mekaar vra: Wat geniet jy om te doen saam met ander mense?

Julle kan ook dan hierdie tyd gebruik om oor kollekte te besluit, en een persoon in die groep of gesin kan met 'n gebed open.

/

Ek self geniet veral spansporte, en ek mis dit om in 'n span deel te neem aan 'n sport. Ons rugby klub het net lekker aan die oefen gekom, en dit was net voor ons eerste rugby wedstryd wat covid die wêreld getref het, so ons het nooit 'n wedstryd gespeel nie, maar ek sien uit daarna om weer saam te kan oefen eendag. Vir jou is dit dalk iets anders. Miskien mis jy groot familie kuiers, verjaarsdae, braaie, 'n oefenfiets klas, kunsklas, musiekgroep, gym, die van julle wat dalk hou van 'n half maraton mis dalk daai groepsgevoel van 'n groot byeenkoms.

Hoewel ons almal waarskynlik iets mis met baie mense, is meeste van ons bevoorreg genoeg om iets van mense om ons te kan beleef. Meeste van ons is bevoorreg genoeg om nog steeds mense te hê met wie jy kan gesels, met wie jy kan deel wat in jou dag gebeur het. Maar dit het maar net weer in hierdie tyd vir my duidelik geword dat almal nie daai voorreg het nie. Daar is mense in ons eie gemeente wat ten diepste baie alleen voel. En die snaakse ding van hierdie alleen gevoel, is dat jy dit kan voel al is jy getroud. Al het jy kinders of ouers, of al het jy ander mense wat saam met jou in 'n huis bly. Die rede hoekom mense hierdie alleenheid beleef, is omdat hulle voel daar is niemand wat na hulle uitreik nie, of daar is niemand na wie hulle kan uitreik nie.

So ons gaan hierdie kwartaal, as mens dit nog 'n "kwartaal kan noem", praat oor wat dit beteken om saam te wees. Maar dis nie net 'n toevallige saam wees nie, dis 'n diep gevoel van eenheid wat 'n klomp van ons dalk mis. En eintlik is dit iets wat die evangelie veronderstel is om tussen ons te bring, maar ons sukkel partykeer om regtig kerk te wees soos die Bybel dit bedoel het. So ons sal hopelik iets daarvoor ook leer deurdat ons saam gaan kyk na Johannes 17. Johannes 17 is Jesus se gebed vir eenheid tussen sy dissipels, en ons sal elke week na 'n sekere aspek daarvan kyk binne in Jesus se gebed.

Hierdie week gaan ons ergter bietjie meer van 'n *prologue*, 'n inleiding tot die gebed, deur te kyk na Johannes 13. So die van julle wat wil, kan solank in die Bybel blaai na Johannes 13 toe, maar ek kan solank eers verduidelik wat hier aan die gebeur is:

Vir die grootste deel van 3 jaar, het Jesus saam met sy Dissipels rond beweeg. So as ons dink oor die woord saam, dan was hulle fisies saam gewees! Hulle het saam geloop, saam geëet, saam aanbid, saam wonderwerke beleef en waarskynlik gereeld onder dieselfde dak geslaap ook. Maar ten spyte van dit alles is die dissipels nog steeds besig om vir mekaar te vra: Wie van ons is die belangrikste?

En as ons dan kom by Johannes 13, die aand wat ons ken as die laaste maal, die laaste aand voor Jesus gekruisig was, dan is hulle nog steeds besig met hierdie vraag. Hoe dit gewerk het in daai dae is dat almal om een tafel gesit het, en die belangrikste persoon, wat in die geval Jesus sou wees, sou dan aan die hoof van die tafel of in die middel van die tafel gesit het, waar ook al die belangrikste plek was, en die dissipels sou dan langs hom kom sit het. En in daardie dae het dit so gewerk dat die belangrikstes dan die naaste aan Jesus sou gesit het, sodat hulle Sy woorde kon hoor, saam met Hom kon brood breek, en so voorts. So wanneer die dissipels na 'n lang dag se rondstap by die bovertrek kom, dan moet hulle besluit wie dit gaan wees wat langs Jesus sit.

En dan gebeur Johannes 13. So iemand julle gesin kan dit lees, Johannes 13 verse 1 tot 17, en dan kan julle genoeg tyd neem om eers met mekaar te gesels en vir mekaar te sê: Wat hoor jy in die verhaal? Wat staan vir jou uit? Wat leer jy oor saam wees?

/

Soos ek reeds genoem het, begin ons 'n reeks oor Johannes 17, Jesus se gebed vir eenheid vir sy dissipels. En julle is welkom om dit op julle eie tyd te lees, maar in dit wat Jesus hier doen, is Hy eintlik besig om hulle iets te leer oor "saam" wees. Vir die dissipels was die saamwees eintlik iets wat vir hulle self verrykend was. Die tyd wat hulle saam met Jesus spandeer het, het ook vir hulle self 'n bietjie eer gebring, maar Jesus kom draai hier daardie hele prentjie om, en kom leer vir hulle: As jy regtig wil "saam" wees, of wil liefdevol wees, of 'n leier wil wees, dan moet jy jouself die minste maak en ander meer.

Hierdie aksie van voete was, was nie per ongeluk nie, dit was nie toevallig nie, nee Jesus het *gekies* om hulle voete te was, en daardeur Homself die minste te maak. Hy doen hier iets wat die laagste van die slawe eintlik moes doen. En Hy wys eintlik vir hulle uit wat saamwees ook *nie* is nie.

So wat is "saamwees"nie?

Saamwees is nie 'n ligging nie. Dit gaan nie daaroor dat jy in dieselfde vertrek is, of in dieselfde huis bly, of in dieselfde kerk of skool klaskamer sit nie. Saamwees is nie om in dieselfde area of dorp te wees nie. Nee, dit gaan nie oor 'n ligging nie. Dis meer as dit.

Saamwees is ook nie 'n gedeelde eienskap nie. Dis nie om 'n sekere taal te praat, of aan 'n sekere kultuur of ras te behoort, of ryk of arm te wees, of selfs aan 'n sekere kerk te behoort nie. Dis selfs nie om van kleintyd aan dieselfde kerk te behoort nie, dis nog meer as dit ook.

En verder is saamwees ook nie 'n gedeelde affiliasie nie. Dis nie 'n sekere ding wat jy ondersteun of 'n sekere denkrigting wat jy volg nie. Dit gaan nie daaroor of jy dieselfde rugbyspan ondersteun, of watter politieke party jy dink is reg, of watter denkrigting jy volg nie, of jy meer konserwatief of meer liberaal is nie. Saamwees kan ook nie daardeur bepaal word nie.

So saamwees is nie 'n ligging, 'n eienskap wat jy gekry het, of 'n affiliasie wat jy gekies het nie, nee, dis nog meer.

Werklike saamwees is 'n aktiewe, goddelike keuse om uit te reik, lief te hê, en jouself minder te maak en iemand anders meer, sodat julle saam kan bou aan God se koninkryk.

So dis eerstens 'n aktiewe keuse. Dis nie iets wat toevallig met jou gebeur nie. As jy aan die einde van vandag wil ernstig wees oor opregte "saamwees", dan gaan jy dit moet kies. Dit gaan nie net gebeur nie.

Maar dis ook 'n goddelike keuse. Want dis die Heilige Gees wat deur jou en saam met jou hierdie keuse maak. Nou soos ons in ons pinkster reeks hierdie jaar genoem het, kan mens in die pad van die Heilige Gees staan, want Hy forseer Homself nie op jou nie, maar as jy Hom toelaat, dan help Hy jou met hierdie keuse om "saam" te wees.

Dis dan 'n keuse om uit te reik. Mens kan nie verwag dat mens in jou verhouding met ander sal groei as jy net by die huis sit nie. En natuurlik bedoel ek nie letterlik nie, want dis dalk presies wat nou die beste ding is om te doen, maar as mens nog meer in samehorigheid met ander gelowiges wil groei, dan moet mens iets doen om kontak te maak. Dit gaan in meeste gevalle nie vanself gebeur nie.

Saam met uitreik is daar ook die keuse om lief te hê. En ja, ek weet ons het al baie gesê dat dit eintlik mos die hele evangelie is, maar dis hier ook van toepassing. Want wanneer ons liefde kies, dan kies ons 'n liefde wat dien, wat nie iets terug verwag nie, wat regtig die ander persoon se diepste behoeftes soek en probeer aanspreek. Maar liefde is 'n werkwoord, en ons moet dit kies. Dis kern tot "saamwees".

En dan is werklike "saamwees" ook 'n plek waar ons onself minder maak en ander meer, soos Jesus dit ook vir ons demonstreer in Johannes 13. En ek moet bely, ek was self al hoeveel keer in my lewe in 'n gesprek waar ek, sonder dat ek wil, dink ek is beter as die ander persoon. Dalk omdat ek met 'n boemelaar praat, dalk omdat hulle heelwat jonger of heelwat ouer is as ek. Selfs al is dit nie iets waarmee ek saamstem nie, kom die gedagte in my kop in dat ek eintlik beter is omdat ek in 'n posisie is om hulle te help. Bietjie van 'n "god complex", soos die sielkunde daarna verwys. En hoewel daar niks verkeerd is daarmee om ander te help nie, mag dit nie vir ons 'n rede word om meer van onself te dink nie, want die oomblik as dit gebeur, dan breek ons enige geleentheid af om werklik "saam" te wees. En wanneer mens regtig "saam" met iemand begin stap, dan leer mens ook wat hulle regtig nodig het en hoe om hulle werklik te help.

En wanneer dit gebeur, kry mens ook die wonderlike voorreg om nie net vir mekaar te help nie, maar ook saam die vraag te vra: "Wat is nodig sodat ons saam die Koninkryk kan bou?" En dis deel van die saamwees besluit. So Jesus self demonstreer hier in Johannes 13 dat wanneer Hy hulle voete was, wanneer Hy vir hulle sê: "Ek kom om julle skoon te maak. Ek kom sodat julle deel kan hê aan My", dan is Hy besig om vir hulle oor die Koninkryk te leer. Jesus het aarde toe gekom juis sodat ons as mense kan leer hoe God se Koninkryk werk, en ook om te verseker dat ons verhouding met God herstel word, deurdat Hy aan die kruis gesterf het.

Hierdie keuse van "saamwees", hierdie aktiewe, goddelike keuse om uit te reik, lief te hê, om jouself minder te maak en ander meer, sodat die koninkryk an God gebou kan word, dis een van die beste keuses wat ons kan maak! Want wanneer mense hierdie keuse maak, dan begin mens gemeentes of geloofsgemeenskappe sien wat regtig *connected* is. Gemeenskappe wat regtig weet wat in mekaar se lewens aangaan en omgee vir mekaar. En dan sal mense na so 'n gemeente of gemeenskap kyk en sê: Dis wonderlik! Die mense is regtig verenig, hulle kyk uit vir mekaar en sorg vir mekaar!

Saam met dit help hierdie keuse ons om werklik ons vriende te leer ken. En dit beteken nie net dat jy swak vriende uitsakakel nie, maar eerder dat ons begin besef: Ek het regtig vriende wat my aanvaar ten spyte van my swakhede. Ek het vriende wat bereid is om my aan te spreek, maar ook by te staan, wanneer ek droog maak. En dis waarvoor ons geroep word, maar daai vriendskap gaan nie bestaan tot iemand dit kies nie.

En wanneer ons hierdie keuse maak, dan begin ons 'n kerk sien wat ingryp as dinge swaar gaan. Wat kos gee, of klere, as dit is wat nodig is! Wat diep luister na mense se siel en hulle uitdagings, as dit is wat nodig is, en dit als op 'n nederige manier doen. En die wêreld sal opkyk na so 'n gemeente.

So ek wil graag vir ons elkeen nooi om 'n voetewasser te wees. Nie noodwendig letterlik nie, maar om jousef so te oriënteer om te sê: Ek wil 'n Christen gemeenskap sien waar mense mekaar dien en optel en reghelp, en ek wil deel daarvan wees.

/

So ek wil hê ons moet afsluit met die volgende paar vrae:

1. Wat beteken "saamwees" vir jou? Deel gerus met mekaar.
2. Wie is daar na wie jy moet uitreik? Jy hoef nie vandag al die antwoord te gee nie, maar dink daaroor en laat die Here dit vir jou uitwys.
3. Is jy bereid om 'n voetewasser te wees? Maak vandag 'n *commitment*, 'n verbindtenis teenoor die mense om jou.

Julle kan die vrae saam beantwoord, en dan kan iemand in die groep afsluit met 'n gebed.

Mag ons elkeen in die weke wat kom, groei om nog beter te verstaan wat "saamwees" regtig beteken.

Mag God die Vader wat jou gemaak en gekies het soos jy is, Jesus Christus wat die perfekte voorbeeld vir ons was, en die Heilige Gees wat ons in ons besluit help, met julle elkeen wees en bly. Amen